













# Skietdag aangebied deur Grenswag

**Rustenburg** – Op Saterdag 6 Augustus 2011 met die breek van eerste lig het die personeel en ouers van Hoërskool Grenswag die Waterval Skietbaan in rep en roer gehad. Die lede van SA Sport en Jag Federasie Noordwes, onder leiding van die voorsitter – Herman Nieman – het die drie verskillende skietbane in gereedheid gekry vir die groot aanslag van die skuts op die teikens.

Aan die anderkant het die vure heerlik geknetter en die reuk van braaivleis, pannekoek, kerrie-en-rys die oggendlug tussen die boomryke bosveld met heerlike geure gevul. 'n Paar besighede het ook bygedra tot die suksesverhaal van die dag in die vorm van uitstallings wat gehou is. 'n Besondere woord van dank aan die volgende persone:

•Willie van Chana Motorgroep
•Herman Nieman (jr) van Maemo Motorgroep
•Fielies van GWM Motorgroep
•Piet Behr van Landrover Motorgroep

Die hartlikheid waarmee ons sakemanne en ons wildboergemeenskap ons ondersteun het, is 'n duidelike bewys dat ons gemeenskap se harte oop is vir kinders in ons gemeenskap. 'n Besondere woord van dank aan die volgende persone wat die volgende wildsoorte as pryse aangebied het. Gideon Botha en Herman Nieman skenk 'n rooibok. Herman Nieman en Burger Koekemoer dra ook 'n blouwildebees by. Die volgende persone skenk ook 'n rooibok nl. Stefan Naudé en Kobus Pretorius. Me Ancia Hornschuh het ook gesorg vir 'n hele paar aantal troospryse wat tydens die trekking verder tot die feestelike atmosfeer bygedra het.

Daar was verskillende kategorieë waarvolgens die skuts deelgeneem het nl. Grootgewere, .22 en windbuks en die 4e kategorie het bloot op 'n gelukkige trekking berus. Die volgende persone het met die pryse weggestap. Die Grootgeweer asook windbuks is deur Kobus Nel gewen wat met 'n blouwildebees en 'n rooibok weggestap het. Jaco Venter wen die windbuks afdeling en sodoende ook 'n rooibok. Baie geluk aan Mariska van Straten wat 'n rooibok met 'n trekkingsprys gewen het.

'n Besondere woord van dank aan Herman Nieman asook lede van die SA Sport & Jag Federasie van Noordwes van die daarstelling van die Watervalskietbaan. Die drie skietbane, kombuis, ablusieblokke en die saal het absoluut van vyfster gehalte getuig. 'n Besondere woord van dank aan Herman en sy span

Kobus Pretorius en Louis Koen het verder gesorg vir die algemene koördinering en dat die dag seepglad verloop het.

Daar is reeds koppe bymekaar en daar is besluit dat die Hoërskool Grenswag Skietdag een van die groot gebeurtenisse op die Rustenburg kalender gaan word. Die hoof – Mnr Loubser, is besonder trots op sy personeel en ouers vir wat in 'n kort tydjie vermag is. Hy het skuts asook feesgangers beloof dat hulle slegs die oortjies van die seekoei gesien en beleef het en dat toekomstige H/s Grenswag skietdae, skuddings in Rustenburg teweeg gaan bring.

Alvorens, Grenswag bied 'n Gholfdag aan op die 12de Augustus, waar Frik du Preez and oud-Springbokke as hoofgaste sal deel uitmaak van die spoggeleentheid. Kallie Knoetse sal ook betrokke wees. Julle moet ook jul kalender oophou op die 31ste Augustus waneer Hoërskool Grenswag hul Opedag aanbied. Meer details in volgende week se uitgawe.



Vlnr: Mnr Loubser (Hoof van Hoërskool Grenswag), Mnr Koen, Mnr Pretorius en Herman Niemand van SA Sport en Jag Federasie Noordwes.






